

21 Januarie 2010

Jaargang 2 – Uitgawe 45

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Is 'n keerpunt bereik met teologiese opleiding?

Deel van die unieke aard van die Hervormde Kerk is ons klem op eie opleiding van ons predikante. In 2009 het ons die 100-jarige bestaan van die Kuratorium gevier, met 'n gedenkalbum wat hierdie jaar gepubliseer sal word.

Intussen het die opleiding van ons toekomstige predikante rustig sy gang gegaan. Oor sewe jaar vier ons saam met die Universiteit van Pretoria (UP) die 100 jaar van Hervormers as dosente aan die Fakulteit Teologie. Nadat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 20 jaar later ook by UP aangesluit het, was daar vir meer as 'n halfeeu die Fakulteit Teologie Afdeling A en B. Met die nuwe demokrasie het 'n nuwe bedeling by UP gerealiseer en is die twee afdelings saamgevoeg om een ekumeniese Fakulteit te vorm.

Hierdie jaar is die aanvangsjaar van die nuutste kontrak wat met UP beding is. Die vorige kontrakte was vir vyfjaartermyne, terwyl die nuwe kontrak vyf dosente verseker en geen hernuwingsdatum het nie. Die Fakulteit se profiel het ook verander. Die Presbiteriane het ook intussen deel geword van die Fakulteit, en daar is ander kerke wat onderhandel om in te koop in die ekumeniese Fakulteit.

Die Hervormde dosente het in die tussentyd voortgegaan om hul akademiese insette te lewer en het 'n groot invloed op die inhoud van die leermateriaal en die kwaliteit van opleiding wat gegee word. Hul werkslading het vergroot aangesien klasse ook in Engels gegee moet word.

Om te verseker dat die opleiding steeds aan die behoefte van die Kerk voldoen, is daar voortgesette gesprekke tussen die Kuratorium en die dosente. Die Fakulteit is ekumenies en kan daarom nie aan al die verwagtinge van die Kerk voldoen nie. Daar is gelukkig twee feite wat hierdie leemte ondervang. Die nuwe kontrak maak, soos die vorige kontrakte, voorsiening vir kerke asook kerkspesifieke modules. Die dosente en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) in die besonder is verantwoordelik vir die aanbied van hierdie leermateriaal. Dit is veral by die HTK dat die studente as spesifiek Hervormde predikante geslyp word. Hoe meer kerke inkoop by die Fakulteit, hoe groter gaan die taak van die HTK word om te verseker dat ons studente steeds in die Hervormde idioom dink en praat.

Wat die studente betref, wil dit lyk asof die grootste keerpunt in die Kerk se toekomstige voorsiening juis hier plaasvind. 'n Vinnige kykie na die registrasie van studente oor die afgelope 25 jaar maak ons die volgende wys: In 1987 was daar 43 studente wat vir die eerste jaar ingeskryf het, met 'n totaal van 160 studente oor die ses jaar versprei. Dit beteken dat daar in 1987 meer eerstejaars was as die totale getal studente in 2004 (39), 2005 (39), 2006 (40) en 2008 (38). Gelukkig het daar nou drie jaar na mekaar 10 of meer studente aangemeld as eerstejaars. Dit het tot gevolg dat die totale getal Hervormers tot meer as 50 gestyg het. Dit belooft in die toekoms 'n konstante voorsiening van predikante aan die Kerk. Die Kerk moet die studente ondersteun en aanmoedig. Van die 43 wat in 1987 begin het, het net 22 in 1992 afstudeer. Die predikante van die toekoms word nou gevorm – dra hulle asseblief in u gebede.



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

Dr Johan Otto, Voorsitter: Kuratorium vir Teologiese Opleiding

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Gerrie Senekal** van Lichtenburg na Gemeente Tzaneen



Ds Gerrie Senekal

Vakante standplaaas

- **Gemeente Theresapark** se huidige predikant aanvaar op Sondag 28 Februarie emeritaat. Die gemeente wil so gou moontlik daarna die vakante **volsorgstandplaaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat oor minstens 10 jaar ervaring in die bediening beskik. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag saam met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

Aansoeke moet die gemeente **voor 31 Januarie** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Hennie Venter, by Posbus 43524, Theresapark 0155, of per e-pos na nhtheresapark@absamail.co.za. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Velkanker is by **ds Louis Pienaar** van Gemeente Pretoria gediagnoseer. Ds Pienaar en sy gesin word sterkte toegebied.
- Emerituspredikant **ds Johan du Toit** en sy vrou, Rina, is op 30 Desember deur gewapende rowers in hul huis oorval. Hulle het genadiglik ongedeerd daarvan afgekóm.
- **Ds Johan Greyling** van Tarlton besoek Harare hierdie naweek.
- **Die volgende predikante verjaar van 21 tot 29 Januarie**, en word hartlik geluk gewens:


- Donderdag 21 Januarie: Di Stephen de Beer, Gerrie Senekal en dr Johan Nel
- Vrydag 22 Januarie: Ds Wim Slabbert
- Saterdag 23 Januarie: Dr Wouter van Wyk en ds Jan Wallis
- Sondag 24 Januarie: Prop Marius Kramer
- Maandag 25 Januarie: Di Riaan Botha, Pierre Kotzé en Stephan (Oppies) Opperman
- Dinsdag 26 Januarie: Di Marita Engelbrecht, Richard van der Westhuizen en dr Marthinus Pretorius
- Woensdag 27 Januarie: Ds Elmien Snyman
- Donderdag 28 Januarie: Ds Sanet van der Walt
- Vrydag 29 Januarie: Dr Jaco Beyers, di Eduard Engelbrecht en Heloïse Herbst

- Op 'n buitengewone vergadering van die ring van Pietermaritzburg op Saterdag 16 Januarie is goedgekeur dat die lidmate by **Amanzimtoti** afstig van **Gemeente Durban-Suid** en 'n selfstandige gemeente vorm. Die Moderamen sal by sy vergadering op 28 Januarie die saak verder in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) hanteer.



Ds Louis Pienaar

Ds Johan du Toit



- **Jongmense:** Kom kuberkets en kuier oor dit wat vir julle belangrik is! **Lekkerkerker** is 'n virtuele geloofsgemeenskap vir jongmense. Nou het julle 'n eie ruimte om met mekaar te gesels, geloofsversterking te vind en idees uit te ruil. Lekkerkerker gaan jongmense met mekaar verbind.

Gaan kyk by www.lekkerkerker.blogspot.com. Die amptelike loodsing is op 1 Februarie, maar gaan kyk en laat weet ons intussen wat jy dink!

- Op **Sondag 24 Januarie** van 18:00 tot 19:30 bied die jongmense van **Gemeente Wonderboompoort** in Eloffsdal die jeugbediening **Magtige Dreuning** aan. Die teikengroep is die jonges tussen 13 en 30. Gemeentes word versoek om hierdie inisiatief vir jongmense uit al die ringe van Pretoria goed te ondersteun. Kontak ds Johann de Bruyn by 012 335 0040 of cjdb@vodamail.co.za met getalle vanaf u gemeente vir voorbereidings, of indien u meer inligting verlang.
- Gebruikers van die **Almanak** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of karen@nhk.co.za, sodat dit op die stelsel aangebring kan word.

Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by papp@biblesociety.co.za.

- Die volgende *veranderings* kan nou aangebring word in die 2010-uitgawe:
 - **BI 87:** Die voorsitter van Gemeente Kruin se ouderlinge is oudl MJ Hesselink (Jannie), 011 764 1082 / 082 964 9916 / jannie@sbhlawyers.co.za. Hul NHSV-voorsitter is mev LEM Coetzee (Louise), 011 660 4257 / 076 474 2822 / l.coetzee65@telkomsa.net. Ds Kobus Pienaar se nuwe e-posadres is ajpienaar@gmail.com.
 - **Ble 98, 136 en 155:** Ds Paul (JP) Janse van Rensburg van Gemeente Primrose is deelyds en nie deelsorg nie.
 - **BI 166:** Prof Alex Antonites se vrou se naam is Marié, nie Marita nie.
 - **BI 167:** Ds Hennie (HN) Botha se vrou se naam is Annatjie, nie Elna nie.
 - **BI 168:** Ds Paul (PP) Jooste het ook 'n e-posadres. Dit is diejoostes@vodamail.co.za.
 - **BI 170:** Ds At (AS) van den Berg se huidige adres is Posbus 766, Gansbaai 7220, en sy kontakbesonderhede tel 028 384 2465 / 078 153 4468.
 - **BI 170:** Dr Hennie en Magda van Deventer se nuwe adres is Machteld Postmus 4, Alexanderstraat 372, Brooklyn 0181, en hul huistelefoonnommer 012 346 2653.
- Voormalige Moderator van die **Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC)** en leraar van Ramotse (Klipdrif) MRCC-gemeente, ds Alfred Rivombo, het 'n dringende versoek gerig namens 'n lidmaat, mev Catherine Ledwaba. Sy wag op die **skenking van 'n nier**. Die bloedgroep moet B of O wees. Kontak haar man, Willem Ledwaba, by 072 975 3249 of ds Rivombo by 073 509 3371.
- **Ds Stephen Jonker**, 'n voormalige NG-predikant, het agt jaar gelede na Australië geëmigreer en by die Presbiteriaanse Kerk aangesluit. Die afgelope ses jaar het hy dié Kerk in South Grafton bedien. Nou werk hy vir die Roseville Presbiteriaanse Kerk in Sydney en behartig hy as assistent vir die leraar die bediening onder Suid-Afrikaners in Sydney. Persone wat reeds in Sydney woon of wat beplan om daarheen te verhuis, kan hom kontak by sajon@tpg.com.au.



Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied 'n **Vrouekamp** aan van **5 tot 7 Februarie** by Mopani Lodge net buite Pretoria. Die aanbieder is ds Janine Bevolo-Manders, en die tema *Bon Voyage – 2010 in*. Hulle gaan onder andere gesels oor: Ons Opperbevelhebber (God); SOS – sy onmiskenbare stem (gebed); GPS – God se posisioneringsstelsel (die Woord); Die roer – tongtippietoets; Span die seile (my wil vs God se wil); Die Wind (die Heilige Gees); Die Anker (Jesus Christus/geloofsekerheid); Die eindbestemming; Alle hande aan boord (geestelike groei); Rowerskepe (dinge wat my aandag aftrek); Die vraag/vraag oorboord (skuldgevoelens/vergifnis). Kontak Janine by bevolo@arestan.co.za vir meer besonderhede.
- **Kom toer saam met Konteks**. Daar is net enkele plekke oor. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.
- Daar is ook nog net 'n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of nhrngzpg@mweb.co.za.
- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of hjbotes@worldonline.co.za.



Sportbyeenkomste en -kompetiesies

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Saterdag 23 Januarie** vir die 10de keer die **Novac-fietswedren** aan in Klerksdorp. Die wegspring is by die Portugese saal, en die wedren benut beide die Palmfontein- en Faan Meintjies-pad. Ryers kan inskryf vir 70 km, 35 km en 10 km. Daar is ook 'n kinderren van ongeveer 1 km. Elkeen wat die wedren voltooi, ontvang 'n medalje en kom in aanmerking vir die gelukstrekking. Daar is kontantpryse vir die wenners en in sommige gevalle vir die naaswenners. Daar sal ook kosstalletjies wees. Looftjies is beskikbaar teen R50 vir die kans om 'n Mirida Matts 20 V bergfiets ter waarde van R3 400 te wen. Navrae kan gerig word aan Veronica Blake by 082 969 1302.




Basaars en markte

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besondere inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.



ANDER NUUS

- Die **amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** geskied op Dinsdag 26 Januarie in die Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat, Pretoria. Persone wat dit wil bywoon, moet asseblief vooraf bevestig. Die program sien soos volg daaruit:
 - o 08:30 Skriflesing, gebed en sang (Prof Piet van der Merwe)



- o 08:40 Direkteursrede: *Edinburgh 1910 – Suid-Afrika 2010: Realistiese sendinguitdagings vir die kleiner Protestantse kerke* (Prof Natie van Wyk)
- o 09:40 Oorhandiging van 'n Laudatio aan prof Van der Merwe
- o 10:00 Tee en verversings

Die Dosentevergadering begin om 10:30.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos betsie.brits@up.ac.za; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.
- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
 - o Vrydag 22 Januarie: ADV Dagbestuur en Ondersteuningsraad se Finansiële Komitee
 - o Maandag 25 Januarie: Komitee wat 'n toerustingspakket skryf vir ouderlinge
 - o Dinsdag 26 Januarie: Opening van AIM en die Dosentevergadering
 - o Woensdag 27 Januarie: Ondersteuningsraad se Bestuursvergadering
 - o Donderdag 28 Januarie: Moderamen van die Kommissie van die AKV
 - o Vrydag 29 Januarie: Predikantepensioenfondse en Personeelpensioenfondse

KOMMENTAAR

“Goeiemôre aan almal op die redaksie. Te wonderlik om weer vanoggend die *e-Hervormer* te kon kry. Dankie vir elkeen se harde werk om vir ons te vertel hoe dit met die res van ons familie gaan. Hoop die ruskansie was lekker en ek bid julle baie seën toe vir 2010!”

Elba Swart

ADVERTENSIES

Advertensievoorwaardes

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Asseblief, moenie vra dat ons uitsonderings maak nie!
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.
- Die koste is R100 per plasing, vir 'n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:



Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: SENTIK Ads

Met die uitgawe van 4 Februarie breek ons derde jaargang aan. Die koste per advertensieplasing sal dan verhoog tot R114 om voorsiening te maak vir BTW.

AGTERBLAD

Bybelvasvra 2010

Die Bybelvasvra konsentreer vanjaar op die **pastorale briewe** (1 en 2 Timoteus en Titus). Dr Gerhard Nel het 'n Bybelstudiegids daarvoor geskryf, wat tans deur SENTIK vir publikasie hanteer word. Die boekie behoort vroeg in die tweede kwartaal vir gemeentes beskikbaar te wees. Hou *Die Hervormer* en die webtuiste van *Konteks* dop!

BELANGRIKE DATUMS

Gemeentevrasvra: Soos deur gemeentes besluit

Ringsvasvra: Moet verkieslik afgehandel wees voor einde Julie

Streekvasvra: Moet asseblief afgehandel wees voor einde Augustus (*Let op die nuwe streekindelings!*)

Landsweye finaal: 11 September 2010 om 08:00 by Noordwestelike Pretoria

BESTEK

Vir gemeentes: Soos besluit deur gemeentes

Vir die ringsvasvra: Soos besluit deur die betrokke ringskomitees vir gesinsorg

Vir die streekvasvra en landsweye finaal

Laerskool: 1 en 2 Timoteus

Hoërskool: 1 en 2 Timoteus en Titus (plus agtergrond uit boekie van dr Gerhard Nel)

Naskool: 1 en 2 Timoteus en Titus (plus agtergrond uit boekie van dr Gerhard Nel)

In die volgende drie uitgawes van *Konteks* verskyn artikels van dr Nel oor 1 Timoteus (Maart), 2 Timoteus (April) en Titus (Mei).

REÛLS EN STREEKINDELING

Maak seker van die reëls en die streek waarbinne julle gemeente deelneem.

Baie sterkte met die jeugbediening in die gemeentes!

Ds Stephen de Beer
Komitee vir Landsweye Bybelvasvra

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx